

# Bring kleur, vrolikheid na herfstuine

**Saam met herfsblare, gee viooltjies en gesiggies tans kleur aan tuine. Albei behoort tot die Viola-genus en dié blomme lyk baie eenders. Viooltjies het kleiner blomme as gesiggies, en baie gesiggies het donker vlekke in die middel van die blom wat die "gesiggie" vorm. Albei is eetbaar, en kan ook dien as versiering op soetgebak, aldus 'n tuinrubriek in *Tuis*. Verwyder gereeld dooie blomkoppe om die vorming van nog blomme aan te moedig.** FOTO: HELENA BARNARD

Editorial

# Life conducted with orchestra wisdom

**The establishment of the first-ever Northern Cape Symphony Orchestra (NCSO) is music to one's ears.**

When scrolling down its Facebook page, looking at the instruments, taking in the eagerness on youthful faces, and admiring the dedication of maestros sharing their knowledge, one becomes convinced there is more to an orchestra than meets the eye.

When delving into music-related terms, idioms and quotes on orchestras, it is as if a chord is struck and a new world of wisdom, relative to life, opens up.

"You can't play a symphony alone, it takes an orchestra to play it," said Navjot Singh Sidhu.

Benjamin Zander said, "The conductor of an orchestra doesn't make a sound. He depends, for his power, on his ability to make other people powerful."

From another perspective, Dale Carnegie commented, "For better or worse, you must play your own little instrument in the orchestra of life."

The NCSO directors believe that orchestras promote human rights, as musicians from all nationalities, backgrounds and cultures are brought together, and a space in which to collaborate and make music is created.

Corresponding with this is the opinion of Gustavo Dudamel who said, "With an orchestra you are building citizens, better citizens for the community."

"You are a valuable instrument in the orchestration of your own world, and the overall harmony of the universe. Always be in command of your music. Only you can control and shape its tone. If life throws you a few bad notes or vibrations, don't let them interrupt or alter your song," wrote Suzy Kassem.

Sandra Steingraber wrote, "We are all musicians in a great human orchestra. You are not required to play a solo, but you are required to know what instrument you hold and play it as well as you can."

With this, one wants to agree with this opinion of the directors: "The power of music can inspire positive change in the world."

Little gem

## ha-ha-ha

Enjoy some idioms about laughter from Learning English with Oxford

- Laugh on the other side of your face: To be forced to change from feeling pleased to feeling annoyed.
- Not know whether to laugh or cry: To be unable to decide how to react to a bad situation.
- Don't make me laugh: Used to show that you think what somebody has just said is impossible or stupid.

Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.

SENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**

Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).



Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

Twyfelhoekie

# Is jy passievol oor opbou of afbreek?

HANNES NOËTH

**Om met oorgawe te beleef en ervaar is seker een van die mooi eienskappe van menswees. 'n Gawe om te kan voel en te kan beleef.**

Passie kan natuurlik, soos die meeste goed rondom ons, positief of negatief wees. 'n Mens kan passievol wees met die negatiewe en dit kan jou vernietig. 'n Mens kan ook passievol wees met die positiewe en dit kan jou vul, verryk en motiveer.

Daarom is dit so wonderlik wanneer iemand passievol leef, positief is en op só 'n wyse 'n verskil maak.

Die teenoorgestelde is ook waar. Vir iemand met 'n gebrek aan passie wat sy of haar roeping leef, verhoudings hanteer, daaglikse werk doen en wat ook al, is dit ongelooflik frustrerend.

'n Mens kan iemand baie opleiding gee, jy kan baie goeie ontwikkeling doen en jy kan goeie opvoeding byvoeg, maar passie kan jy nie vir iemand aanleer nie.

"Kry bietjie wip in jou," sou die ou ooms op die plaas die jong manne leer.

Daarom is dit wonderlik wanneer 'n mens se lewenspad kruis met dié van mense wat passievol leef in positiewe dinge. Daarom is dit seer wanneer 'n mens se lewenspad kruis met mense wat passievol droogmaak.

Daarom is dit ook nie so vanselfsprekend om te dink dat almal wat moed en krag en energie en passie vir 'n saak het, dit noodwendig positief gaan gebruik nie.

Dit laat my dink aan ou tannie Meisie Mens daar in my grootword-dorp. Sy het graag gesê: "Doen voluit, maar as jy voluit doen, doen die regte ding voluit."

Potpourri

# Mense bereik baie

KARIN MULLER

**Klim hoë berge. Hardloop ultramarathons. Doen uithouwedrenne. Haal moeilike sperdatums. Verloor oortollige gewig. Verander die haas onmoontlike in die moontlike.**

Daar is mense wat glo dat wanneer iemand iets bereik, dit vir daardie mens relatief maklik was.

Die geheim lê daarin dat die mense wat bogenoemde bereik, dit relatief maklik laat vertoon.

Die gebeure agter die skerms word deur slapelose nagte, eindelose beplanning, genadelose oefening, uitmergelende opoffering, ongekende harde werk en toewyding gekenmerk. Op die oog af word dié dinge op die agtergrond geskuif.

Teen die tyd dat die bergpiek bereik word, die eindstreep oorgesteek word of die meedoënlose sperdatums gehaal is, lyk dit inderdaad vir buitestanders maklik. Hulle glo: As hulle ook die talent of geleentheid gehad het, sou hulle dieselfde kon bereik – sou hulle wou.

Dit is eers wanneer self aan so 'n doelwit gewerk word dat mense se uitkyk teenoor 'n besonderse prestasie verander. Hulle ervaar dan dat dit nie so eenvoudig is nie.

Dan ontstaan daar gewoonlik een van twee reaksies: óf die ander mens se doelwit was makliker bereikbaar; óf die ander mens besit besonderse eienskappe of hulpmiddels wat die gemiddelde persoon nie besit nie.

Besonderse prestasies kry selde die erkenning wat dit verdien. Dit hoef slegs iets so algemeen soos 'n werksprestasie te wees.

Dankie aan diegene wat besonderse prestasies maklik laat lyk. Dankie aan diegene wat besef wat werklik agter hierdie prestasies skuil.

Lewende water

# Paasfees elke dag

DS. KOBUS VAN TONDER

**Biskop Bill Meaker van die Metodistekerk in Suid-Afrika maak die volgende opmerking: "Easter is not just something that happened a long time ago. It happens every day… It happens today…"**

Ja inderdaad, want toe God Jesus uit die graf opgewek het, het daar 'n krag losgekom wat die lewe van mense kan verander – wat dood in lewe kan verander – gebrokenheid in heelheid.

Daar is twee groot magte aan die werk in die wêreld: Die een wat afbreek en vernietig en doodmaak. Andersyds is die mag wat opbou, gesond maak en lewe gee.

Misdaad en korrupsie breek af.

So ook die misbruik van alkohol en dwelms.

So ook dobbelary. So ook oorlog en rassehaat.

So ook selfgerigtheid, trots, gulsigheid en woede.

So ook siekte, ongelukke en pyn.

Het God 'n antwoord hierop?

Ja, inderdaad. Ons noem dit Paasfees.

Die krag van die opstanding kan hierdie dinge omkeer.

Daar waar 'n gebroke lewe weer heelgemaak word.

Waar mense vir mekaar omgee.

Waar bitterheid en wraak omkeer in vergifnis.

Waar 'n lewe van selfgerigtheid omkeer in 'n lewe van diens. Waar gebrokenes se lewe omkeer in vreugde en opwinding – daar sien ons die krag van die opstanding. Dit is hoe Pase elke dag plaasvind.

Saam met Paulus wil ek bid dat ons sal besef: *…hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek (het)…* (Efesiërs 1:19 en 20)